**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 9 7 0 5 2 3 / 4 3 | 8 | 6 1 0 |

DIE BURGER Jg. 82 Nr. P. 20 Dat. 23. 5. 1997

TREFWOORDE
1 Manuel T
2 Beplanning
3 SASRIA
4 Belegging
5 Reserwes
6 Benutting
7 Betalings
8 Akkolade
9 Buite Lande
10 Statistieke

# Staat gaan Sasria reserwes vat

## Oorskot moet tot 'voordeel van nuwe Suid-Afrika wees'

Hein Swart

**KAAPSTAD. – Die Regering gaan beslag lê op 'n deel van die Suid-Afrikaanse Spesiale Risikoversekeringsmaatskappy (Sasria) se reserwes van R8,4 miljard om owerheidskuld van byna R310 miljard af te los.**

Dit is die tweede groot terugslag vir dié versekeringsmaatskappy nadat die Regering verlede jaar ook besluit het om sy belastingvrystelling in te trek. Omdat hy 'n organisasie sonder winsbejag is, het hy sedert sy stigting in 1979 nooit belasting betaal nie. Hy is egter vanaf vanjaar belastingpligtig. Dieselfde lot het onlangs ook Safto getref.

Sasria is destyds deur die vorige Regering in oorleg met die Suid-Afrikaanse korttermyn-versekeringsbedryf gestig om onder meer huiseienaars en motorryers teen politieke oproer te verseker. Gedurende daardie tyd van wydverspreide onluste wou gewone versekeringsmaatskappye nie dié risiko onderskryf nie en is dit aan Sasria oorgelaat, aangesien die staat eise-uitbetalings gewaarborg het.

Sedert 1994 met die verkiesing van die nuwe Regering het die hoeveelheid eise skerp afgeneem en was Sasria in staat om sy reserwes aansienlik aan te vul. Dit het intussen tot R8,4 miljard aangegroei.

Trevor Manuel, Minister van Finansies, het in die lig hiervan besluit om Sasria se oorskot-reserwes tot voordeel van die openbare belang aan te wend, hoofsaaklik deur die afbetaling van buitelandse skuld. Hy het dié inligting in die Nasionale Vergadering verstrek in reaksie op 'n vraag deur Ken Andrew, die DP se hoofwoordvoerder oor finansies.

Manuel het nie aangedui op watter deel van die R8,4 miljard die staat beslag gaan lê nie. Eers sal 'n aktuaris moet vasstel of hierdie bedrag, soos dit in Sasria se jongste jaarstate weerspieël word, korrek is. Daarna sal besluit word watter deel van hierdie bedrag vir die afbetaling van skuld aangewend kan word. Die Regering meen dat die reserwes nou te groot raak vir die doeleindes waarvoor Sasria gestig is en dat iets daarmee gedoen sal moet word.

Sasria het nie groot reserwes nodig nie, omdat die staat kosteloos as herversekeraar optree.

Hy sal dus moet opdok as Sasria nie self in staat is om groot eise te kan uitbetaal nie.

Omdat Sasria geen winsoogmerke het nie, mag die reserwes ingevolge wetgewing nie aan sy lede of aandeelhouers – die Regering en versekeringsmaatskappye – uitgekeer word nie.

Dit is een van die redes waarom besluit is om Sasria voortaan te verplig om belasting te betaal.

Volgens Manuel moet die oorskot-reserwes tot voordeel van die nuwe Suid-Afrika aangewend word. Die beste manier om dit te doen, is om 'n deel van die staatskuld van byna R310 miljard hiermee te vereffen.